



# Reeks oor Sertifisering

## DEEL 1: HOE WERK DIE REGISTRASIE VAN 'n MOERAANPLANTING ?

Artikel deur Frank Osler

Die sertifisering van aartappelmoere is 'n proses wat reeds begin voor die aartappelmoer nog in die grond geplant is tot en met die uitkoms van die na-kontrole uitslag. Elke stap in die proses van sertifisering gee vir Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) 'n deel van die geheel ten einde ASD in staat te stel om te bepaal of die moere gesertifiseer kan word al dan nie. Elke kweker word op die ASD databasis geregistreer en ontvang 'n unieke kwekerkode waaraan al sy produksie-inligting gekoppel word.

Die registrasie van eenhede vir die produksie van aartappelmoere is die eerste stap in die sertifiseringsproses. Voor enige aanplanting egter geregistreer kan word, moet die sertifiseringsbeampte baie noukeurig bepaal of aan al die vereistes van die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema (Skema) asook aan die Protokol van ASD, wat handel oor registrasie van eenhede, voldoen is. Alle aansoeke om registrasies moet betyds gedoen word om ASD in staat te stel om die landinspeksie op die regte tyd te kan doen. Afhangende van die klimaat en fisiologiese ouderdom van die moere, kan dit so gou as drie weke na plant wees. As daar te laat gewag word met registrasie, kan die eerste landinspeksie nie op die optimum tyd gedoen word nie en dit kan dan die sertifiseringsproses wat volg bemoeilik of selfs veroorsaak dat die registrasie dalk nie aanvaar kan word nie. Eenhede wat saam bewerk of besproei word, word as 'n bewerkingseenheid geregistreer.

Die Skema stel streng vereistes rakende goeie, gesonde plantmateriaal en voor 'n eenheid se registrasie gedoen kan word, moet daar aan hierdie vereistes voldoen word. Hier volg van die Skemavereistes om die risiko vir goeie plantmateriaal te beperk:

1. Die wisselbouvereistes in die Skema verseker dat sekere gewasse wat die aartappelaanplantings beoog vir moerproduksie nadelig mag beïnvloed, nie in rotasie saam met aartappels verbou word nie. Hierdie gewasse en onkruide word gelys in Tabel 1 van die Skema. Daar mag byvoorbeeld nie pampoen, waatlemoene, grondboontjies, rissies, katoen, sonneblomme, tamaties, tabak en eiervrug in rotasie met aartappels geplant word nie. Soja en koolgewasse mag slegs deur kwekers wat dispensasie het, geplant word. Met die produksie van Generasie

1-moere moet die eenheid die voorafgaande ses jaar vry wees van die gewasse en enige aartappelplante. Vir die produksie van Generasie 2 en Generasie 3 is die periode vier jaar vry van die gewasse en vir die produksie van Generasie 4- tot Generasie 8-moere is die tydperk drie jaar vry van die gewasse asook enige aartappelplante op die eenheid.

2. Verskillende Generasies mag saam op 'n eenheid gevestig word, mits die isolasievereistes van die Skema tussen generasies nagekom word. Generasie 0- tot met Generasie 3-aartappelmoere mag saam op 'n eenheid gevestig en verbou word, maar moet van mekaar geïsoleer wees om elke generasie te kan onderskei. Moere van verskillende generasies wat saam op 'n eenheid gevestig is, se generasies mag slegs met drie verskil. Generasie 2, 3, 4 en Generasie 5 mag saam verbou word, maar nie saam met Generasie 1 nie. Indien dit sou gebeur dat Generasie 1 ook op die eenheid gevestig is, saam met Generasie 5, verskil die generasies meer as drie generasies en word die Generasie 1-aanplanting hergradeer na Generasie 2 om dan weer binne die drie generasie-vereiste te kan registreer. Met die produksie van Generasie 0 (miniknolle) van verskillende variëteite in dieselfde kweekhuis word daar 'n vaste struktuur aangebring om die isolasie tussen die variëteite te verseker.

3. Die voorkoms van verbode organismes soos goue sist-aalwurm en bakteriese verwelk word met groot omsigtigheid binne die Skema hanteer. Indien 'n perseel voorheen met enige van hierdie organismes besmet was, mag daar vir agt jaar geen aartappels of gashere van bakteriese verwelk op hierdie eenheid verbou word nie.

4. Volgens die vestigingsvereistes moet alle aartappelplante wat op 'n eenheid duidelik met 'n bord gemerk wees, moet variëteitseg wees en moet versorg word op 'n wyse wat bevorderlik is vir die verbouing van aartappelmoere. Enige afwykende plante tesame met die knolle moet op 'n deurlopende grondslag van die eenheid verwyder word om die aanplanting te suiwer. Kwekers moet seker maak dat die spanne wat die suiwering doen, die knolle ook verwyder anders is die suiwering oneffektief.

5. Met die aanplanting van *in vitro*-voortplantingsmateriaal moet die materiaal variëteitseg wees en afkomstig wees van 'n fasiliteit wat deur die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) geakkrediteer is. Die materiaal moet volgens erkende metodes getoets wees vir die voorkoms van rolbladvirus, kromnekvirus en virusse A, M, S, X en Y. Daar moet geen voorkoms van bakteriese verwelk (*Ralstonia solanacearum*), en *Pectobacterium carotovorum, Pectobacterium atrosepticum* en *Dickeya dadantii* tydens die toetse opgespoor kon word nie.

6. Die vereistes met betrekking tot voortplantingsmateriaal wat op 'n eenheid verbou word moet altyd variëteitseg wees, die nodige virus- en bakteriese toetse moet by 'n laboratorium gedoen wees wat by die OSRA geakkrediteer is en toetse volgens erkende metodes uitvoer. Geen moere mag vir moerproduksie aangeplant word waarvan die totale virusinhoud meer as 2,5% is nie. Die voortplantingsmateriaal mag nie die toleransie vir patogeen besmette aartappelmoere in Tabel 5 in die Skema en nie-patogeen besmetting van Tabel 6 oorskry nie.

7. G0-aartappelmoere se bron sal altyd *in vitro*-buisplante of mikroknolle van 'n goedgekeurde laboratorium wees. Generasie 1-aartappelmoere word van G0-aartappelmoere geproduseer en alle ander generasies sal dan van vroeër generasies afkomstig wees.

Wanneer materiaal ingevoer word, hetsy buisplante of miniknolle van waar ook al, word die besending deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) bemonster vir Departementele toetse. ASD trek sy eie monsters wat vir die sewe virusse en bakteriese siektes by Plantovita, die kontrolerende laboratorium van die moerbedryf, getoets word. Wanneer die buisplante of miniknolle se toetsuitslae van DLBV gunstig was, kan die materiaal vrygestel word. Die toetsuitslae vanaf Plantovita is die finale uitslae benodig vir aanplant onder die Skema. As die uitslag gunstig is, kan die materiaal aangeplant word vir vermeerdering en die stawende dokumente kan voorgelê word vir registrasie onder die Skema.

Die registrasie begin met die elektroniese vaslegging van alle aanplantingsbesonderhede op die ASD registrasievorm. Die bron van die aartappelmoere wat aangeplant is, word eers op die ASD databasis geverifieer, waarna die sertifiseringsbeampte bevestig dat daar aan al die vereistes van die Skema en Protokol voldoen is.

Beide die kweker, of sy gevolmagtigde, en die sertifiseringsbeampte teken die registrasievorm om te bevestig dat die inligting wat vasgelê is, korrek is. Met ondertekening aanvaar die kweker ook die Skema en ASD Protokol se reëls en regulasies en onderneem hy of sy om alle vereistes daarvan na te kom. Die elektroniese registrasievorm word dan na die tydelike databasis gestuur waar die aanplantingsbesonderhede deur die Data-afdeling by Hoofkantoor nagegaan word. Enigiets wat nie met die Skemavereistes strook nie, word dan bevraagteken en terugverwys na die sertifiseringsbeampte. Met die verifiëring van die registrasie word ook vasgestel of variëteite wat aangeplant is, planttelersregte besit. Variëteite met planttelersregte mag slegs met die vooraf skriftelike toestemming van die eienaar of agent geregistreer word. Voordat 'n registrasie afgehandel word, moet alle toestemmings ten opsigte van variëteite waarop planttelersregte en/of sub-lisensies van toepassing is, ontvang word.

Sodra aan alle registrasievereistes voldoen is, kan die registrasiebesonderhede op die permanente databasis oorgeplaas word. Die sertifiseringsbeamptes sleutel dan enige waarnemings op die databasis in deur slegs gebruik te maak van die unieke registrasienommer wat aan elke eenheid toegeken word tydens



Pierre Botha van ASD besig met die registrasie van aanplantings vir sertifiseringsdoeleindes

registrasie. Die hele geskiedenis van 'n moeraanplanting kan verkry word deur slegs die registrasienommer op die databasis in te tik.

Registrasie van *in vitro*-aanplantings (G0-aartappelmoerproduksie) in kweekhuise word slegs aanvaar indien die kweekhuis by die OSRA geakkrediteer is. Die akkreditasie van elke kweekhuis word twee-jaarliks hernu na 'n volledige, geslaagde oudit van die fasiliteit deur ASD gedoen is. G0-aartappelmoere word in grondvrye medium of "aeroponics" geproduseer in 'n insekdigte kweekhuis. Indien die grondvrye medium hergebruik word, moet die medium voldoende gesteriliseer word.

As bewys van die suksesvolle afhandeling van die registrasie van 'n eenheid, reik ASD 'n registrasiesertifikaat aan elke kweker uit met sy volledige aanplantingsbesonderhede.

Die registrasie van 'n eenheid kan geweier word indien daar nie aan die vereistes van die Skema voldoen is nie. Indien inligting aan die lig kom dat die registrasie nie deur ASD-Hoofkantoor bevestig kan word nie, word die betrokke kweker en die sertifiseringsbeampte onmiddellik skriftelik deur Hoofkantoor in kennis gestel om aandag aan die geval te gee. Die registrasie van 'n eenheid kan ook teruggetrek word indien daar omstandighede is wat daartoe aanleiding gee soos gestel in die Skema.
Die registrasie van 'n eenheid is geldig vanaf die ontvangs van die registrasiesertifikaat tot en met die uitslag van die na-kontrole monster.

Alle aartappelaanplantings vir die tafelmark wat op moerplase geplant word, moet met gesertifiseerde moere geplant word.

Alle inligting met betrekking tot moeraanplantings tot sovêr terug as 1995 is vir elke kweker beskikbaar.

**Enige aartappelaanplanting kan dus nie sommer net vir moerproduksie geregistreer word nie.** Die aartappels wat vir voortplantingsmateriaal verbou word, moet deurgaans aan die streng vereistes van die Skema en Protokol voldoen ten einde gesertifiseer kan word.

Om die tabelle waarna in die artikel verwys is, te sien en meer te lees oor wat elke Skemavereiste behels, besoek gerus die ASD-webblad by: www.potatocertification.co.za. ©

